

Prof. Spoelstra is op 2 Januarie 1927 in Johannesburg as die oudste seun van ds. en mev. TT Spoelstra gebore terwyl sy vader predikant van GK Johannesburg-Oos (1925–1927) was. Sy kinderjare het hy op Petrusburg (1927–1941) deurgebring en daarna Potchefstroom, waar sy vader van 1941 tot 1949 sekretaris-penningmeester van die Administratiewe Buro was.

Spoelstra is op 8 April 1953 met Chris van Wyk getroud. Uit dié huwelik is vier seuns gebore.

Hy matrikuleer in 1943 aan die Hoërskool Gimnasium in Potchefstroom. Daarna begin hy sy studie in teologie aan die PU vir CHO. In 1946 behaal hy die B.A.-graad, in 1947 die B.A. Hons. en in 1950 die M.A.-graad (al drie met lof).

Hy voltooi sy teologiese en kandidaatsopleiding aan die Teologiese Skool Potchefstroom en in 1952 verwerf hy die Th.B.-graad (ook met lof). In 1963 behaal hy ook die D.Litt.-graad en in 1965 die Th.M.-graad.

Einde 1952 word hy tot die bediening toegelaat en dien agtereenvolgens in Middelburg, Kaap (1953–1957), Bellville (1957–1964) en Waterkloofrand (1964–1970).

In 1970 word hy deur die GKSA as professor beroep en bevestig, en dien tot einde 1988 in hierdie hoedanigheid aan die Hammanskraalse Teologiese Skool (in ekklesiologiese vakke). Hy was by meer as een geleentheid rektor van die HTS. Vanaf 1989 dien hy as professor aan die PU vir CHO en die Teologiese Skool Potchefstroom (in diakoniologiese vakke).

Bouke Spoelstra presteer buitengewoon op akademiese gebied. Sy eintlike belangstelling lê op die terrein van die ekklesiologie, oftewel kerkgeskiedenis en kerkreg.

Hy het met die jare student en dosent gebly en sy publikasies getuig van oorspronklikheid, 'n besondere liefde vir die Gereformeerde leer, 'n akademies-kritiese gees en 'n positiewe uitbouing van die gereformeerde teologie.

Sy proefskrif, *Die Doppers in Suid-Afrika 1760–1899*, wat in 1963 voltooi is, het nie alleen wye belangstelling gaande gemaak nie, maar is inderdaad 'n besonder waardevolle bydrae tot die kerkgeskiedenis. Nog 'n magistrale werk, *Kerkreg en kerkregering – Handboek by die Kerkorde*, verskyn in 1989.

Hy verrig baanbrekerswerk om die teologiese tydskrif *In die Skriflig* saam met ander teoloë op die been te bring, en is van 1970 tot 1986 die hoofredakteur van dié blad. Bouke Spoelstra het 'n intensiewe belangstelling in en waardering vir die werk van Calvyn, en laat hom in sy eie denke veral deur Calvyn lei.

Op kerklike terrein was hy besonder aktief en is daar gereeld van sy bekwame diens en besondere insigte en advies gebruik gemaak. Hy is by meer as een geleentheid na die Gereformeerde Ekumeniese Sinode afgevaardig en was lid van verskillende deputaatgroepe van die Nasionale Sinode. Hy het ook meermale in die moderamen van nasionale sinodes gedien.

Spoelstra is iemand aan wie die GKSA groot dank verskuldig is omdat hy voortdurend die kerke op die Gereformeerde spoor van kerkregering lei – soms selfs ten koste van homself.

Weens sy kritiese en intellektuele vermoëns, sy eiesoortige individualistiese en selfstandige denke het hy soms reaksie ontlok, maar hierdeur het hy ander steeds tot deeglike verantwoording en gesonde reformasie gestimuleer.